

# Kry só beter voordele as met 'n trust

Nico van  
Gijsen



## Raad met jou rande

Ek het verlede week hier geskryf oor die belastingvoordele van 'n uittree-annuïteit (UA). Wat min mense egter besef, is dat 'n UA ook uitstekende voordele bied vir boedelbeplanning, soms beter as wat jy met 'n trust kan regkry. Kom ons kyk.

Die hoofdoel van enige boedelplan is om finansiële risiko's (waaronder belasting) te beperk om in lewe vir jouself en ná jou dood vir jou naasbestaendes voorsiening te maak.

'n Trust as instrument vir boedelbeplanning is baie gewild. In 'n trust is die bate nie in jou boedel nie en by dood is die bate nie vatbaar vir boedel- en kapitaalwinsbelasting nie. Maar in baie gevalle kan dieselfde doel bereik word en in sommige dalk meer so met 'n UA. Die groot verskil is dat in 'n trust kan jy enige bate hou, in 'n UA net geld. Ek dink 'n UA is 'n uitstekende instrument vir byvoorbeeld diegene met groot bedrae op belegging, of wat met groot bedrae kontant sit nadat vaste bates, soos 'n strandhuis of plaas, verkoop is.

Ons kyk eers na geskenkbelasting. Om 'n bate in 'n trust oor te dra, moet jy dit óf verkoop óf aan die trust skenk. Verkoop jy dit en die trust het geld, sit jy tog maar weer met dieselfde waarde in jou boedel. Dom. Het die trust nie geld nie, moet jy dit op leningsrekening verkoop en is die uitstaande skuld 'n bate in jou boedel. En jy moet rente vra, wat weer belasbaar

is in jou hande.

Skenkingsbelasting is 20% op alles bo R100 000 tot by R30 miljoen en daarbo is dit 25%. As jy geld in 'n UA belê, het jy nie hierdie probleem nie.

**Dit bied ook uitstekende voordele vir boedelbeplanning.**

Nie net is daar geen sprake van geskenkbelasting nie, die bydraes tot 'n UA is belastingaftrekbaar.

Doen die som. Kom ons sê jy wil R1 miljoen uit jou boedel oordra. As jy 'n skenking aan die trust maak, moet jy eers R250 000 (dis 25% van die bedrag wat jy spaar) vir Jan Taks gee. Dra jy dit oor in 'n UA, is daar nie geskenkbelasting nie. Intendeel, Jan Taks gun jou eerder 'n belastingaftrekking van R275 000 (die maksimum is 27,5% of R350 000 per jaar en is van toepassing op alle bydraes tot 'n pensioenfonds).

Goed, die geld is nou belê. In die trust is inkomstebelasting van 45% en kapitaalwinsbelasting (KWB) van 36% betaalbaar op die beleggingsgroei. In die UA is geen belasting betaalbaar nie. Die trust kan inkomste uitkeer, wat dan belas word in die hande van die begunstigde. Maar dan verydel jy mos die doel van die trust omdat daar dan geen groei in die trust is nie.

En wat van boedelbelasting by dood? Nóg trustbates nóg die waarde van 'n UA is vatbaar vir boedelbelasting. Maar die uitstaande leningsrekening in die geval waar bates aan die trust verkoop is, is wel belasbaar.

So ook die deel van jou bydraes tot 'n UA wat jy nie kon aftrek vir inkomstebelasting nie. Maar wat jy in albei gevalle reggekry het, was om die waarde van die bate (in ons geval kontant) vas te pen op die datum wat jy oorge- dra het. Jy het die groei in waarde uit jou boedel gehou.

In 'n UA had jy net baie meer belastingvoordele, wat geld werd is.

■ **Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**